

Januarie

God se beloftes

1 Donderdag

SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 4:10-17

FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 4:14B

Aäron – Die Here sal hierdie jaar ook vir ons voorsien

Moses probeer met die Here oor sy toekoms onderhandel. Hier by die brandende doringbos spel die Here sy toekoms vir hom uit: Moses, jy moet die Israëliete uit die slawehuis van Egipte gaan verlos. Al die verskonings wat Moses kan uitdink, slaag nie.

So staan die nuwe jaar van 2015 weer in al sy glorie voor ons, en is ons elkeen net soos Moses vervul met huiwering en 'n besef van ons eie onvermoë. Hoe gaan ons deur hierdie jaar met sy uitdagings kom?

Let nou baie mooi op na die antwoord van die Here: “Aäron die Leviet is mos jou broer ... hy is al op pad ...” (4:14b). Dit beëindig die onderhandelings! As Aäron reeds op pad is na Moses toe om hom te kom help, beteken dit dat God eers vir Aäron gaan roep het en daarna hier vir Moses. Terwyl Moses dus nog verskonings uitdink, is die oplossings reeds voorsien: Aäron wat reeds op pad is om hom te help in sy roeping en taak! God wat roep, sal ook die krag en hulp en genade voorsien. Later lees ons dat dit juis Aäron (en Hur) is wat Moses se hande sterk ophou (Eks. 17:12).

Daar is niks wat vir ons voorlê wat vir God té groot of té veel is nie. Hy voorsien saam met die roeping en taak ook die krag en die genade.

So is dit presies ook met Christus in ons lewe. Jesus betaal eers vir ons en koop ons vir God met sy kosbare bloed. Dan volg die opdrag om soos sy volk te lewe. Hy maak ons sy kinders sodat ons ook in hierdie jaar wat voorlê, soos kinders van die almagtige God kan lewe. Hy sal met die uitdagings wat op ons wag, ook die nodige krag en die bystand van die Heilige Gees voorsien.

'n Geseënde jaar word u toegewens!

Sing: Psalm 91:1, 2 (1936)

Ds. Maarten van Helden (Centurion)

SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 12:8-15 (DEUT. 17:16)

FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 12:13-15

Abdon – Waarvoor sal jy onthou wil word?

Ná Jefta word die name van die volgende drie rigters ingeryg sonder dat ons eintlik veel van hulle regering hoor. Opvallend is die feit dat hulle vir baie kort tye regeer, en dan lees ons net dat hulle sterf en begrawe word.

Abdon word egter onthou vir sy baie seuns en kleinseuns en dan veral die spesiale nota dat hulle almal op jong donkies gery het. In ons dae klink dit nie so fantasties nie, maar destyds was dit 'n teken van rykdom as jy 'n donkie kon ry. Wat dan nog van 70 jong donkies! In ons terme miskien iets soos 60 opgewarmde BMW's of iets dergelyks.

Mens wonder onwillekeurig aan die dinge waaraan mense jou sal onthou. Vir goeie self-beheersing en ander vrug van die Gees, of vir materiële besit en spandabelrigheid. Sal mense jou onthou vir jou bydrae tot die opbou van die land, die samelewing en die kerk, of vir die status wat jy in wêreldse terme opgebou het?

Jesus Christus word nie onthou vir materiële dinge, sportprestasies of sy sjarme nie, maar wel vir die reddingsdade waarmee Hy ons van die sonde en ewige dood gered het. Daarvoor moes Hy homself verloën en sy lewe verloor, maar Hy regeer daarom, in teenstelling met die agt jaar van Abdon, ook vir ewig en altyd.

Laat ons dus liever lewe soos mense wat onthou wil word vir die bydrae wat ons in die koninkryk van God gemaak het, of dit groot is of klein.

Sing: Skrifberyming 14-1:3

Ds. Maarten van Helden (Centurion)

Januarie

God se beloftes

3 Saterdag

SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 13:1-14 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 13:10

Abia – Leef sonder vrees!

Die skrywer van Kronieke gee die volgende getuienis oor Abia (my vader is die Here): Hy regeer drie jaar in Jerusalem. Na 'n uiters suksesvolle oorlog teen Jerobeam neem sy mag toe. Hy het 20 seuns en 16 dogters. Hy word in die familiegraf in die Dawidstad begrawe as 'n laaste eerbetoon en as aanduiding dat hy reg voor die Here opgetree het.

Abia beroep hom op die Here se belofte dat die koningskap vir altyd aan Dawid se nageslag gegee is. Toe Jerobeam in opstand kom, weerstaan hy direk die koninklike mag van die Here. Vol bravade durf Abia 'n groot oormag aan en beroep hom op die Here met die geloofleuse in vers 10: "Ons dien die Here ons God; ons het Hom nie verlaat nie."

Toe Jerobeam 'n hinderlaag opstel en hulle van alle kante bedreig, ontstaan daar 'n hewige geveg waar die Here vir Juda die oorwinning gee. Hulle het op die Here vertrou, daarom beleef hulle dat hulle die Here self as leier by hulle het.

Abia se sukses is nie sy eie nie, maar die gevolg van 'n lewe wat aan God toegewy is. Hy sorg dat die diens van die Here onderhou word deur gereelde offers en rituele wat deur God beveel is (vs 11). Hy het 'n lewende verhouding met God en gee aan die Here die eer vir sy oorwinning. Moontlik was hy ook beangs oor Jerobeam se groot weermag. Deur geloof aangespoor, begin hy die geveg om God se eer!

Selfs as dit soms lyk dat gevare en die aanslae van die lewe my van alle kante bedreig; wanneer die eise van elke dag soms te veel word; en vir elke hinderlaag waarin ek mag kom, het die Here al klaar die oorwinning verseker. Aan die kruis het Christus elke hinderlaag wat ons mag bedreig, afgeweer.

Maak Abia se woorde ook jou leuse en leef sonder vrees, want ons het die Here self altyd by ons as Leier!

Sing: Psalm 91:1 (1936)

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rustenburg-Wes)

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 25:1-10, 23-29 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 25:26

Abigajil (Abigail) – Verheerlik God met jou gawes

Terwyl Dawid vir Saul vlug, ervaar hy hulp, maar ook teenstand van mense. In Karmel ontmoet hy vir Nabal en Abigajil (vader verheug hom) en leer 'n baie groot lewensles. Nabal, die onbeskofte korrelkop, weier om kos te voorsien ten spyte daarvan dat hy die guns en beskerming van Dawid geniet. Deur die bemiddeling van die beeldskone en wyse Abigajil weerhou God vir Dawid van kwaad.

Abigajil beteken “my vader se vreugde”. In haar ontmoeting met Dawid wys sy waarom sy hierdie naam het:

- Sy groet Dawid op 'n eerbiedwaardige wyse.
- Sy openbaar insig in haar man se dwaasheid.
- Sy voorsien in die manskappe se behoefte vir voedsel.
- Sy weerhou Dawid daarvan om wraak te neem deur Nabal dood te maak en so God se gebooi te oortree.

So spreek God deur Abigajil om te verseker dat sy raadsplan uitgevoer word. Abigajil ontvang skoonheid, wysheid en insig en gebruik dit sodat Dawid later as koning aangestel word om God se oorloë te voer en geen rampe hom van koers sal bring nie (vs 28, 29). Uit Koning Dawid se nageslag is die Koning van die konings, Jesus Christus, gebore.

So gebruik God elke dag mense om sy plan uit te voer. As jy skoonheid, wysheid, insig en enige ander gawe ontvang, moet jy dit elke oomblik aanwend om God te verheerlik. Soms gaan dit vra dat jy ook teenoor mense wat naby jou is, moet optree. Abigajil se huwelik met Nabal kon haar seker van baie vreugde beroof.

Met haar optrede leer ons dat ons altyd aan God gehoorsaam moet wees. Daar is daagliks mense soos Nabal op ons pad. Talle kere sal mense se reaksie en optrede ons ook teleurstel en minag. Juis dan moet ons leer dat dit belangriker is om God te verheerlik as om aan die grille en dwaasheid van mense gehoor te gee.

Mag jou optrede en bemiddeling help dat ander raaksien hoe God jou regsak behartig!

Sing: Psalm 128:1 (1936)

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rustenburg-Wes)

Januarie

God se beloftes

5 Maandag

SKRIFGEDEELTE: LEVITIKUS 10:1-11

FOKUSGEDEELTE: LEVITIKUS 10:1-3, 8-11

Abihu – God is heilig en verhewe

Miskien is jy ook nou sprakeloos en stil nadat jy die teks gelees het. Dit was Aäron se reaksie ná die dood van sy seuns, Nadab en Abihu. Natuurlik 'n reaksie wat mens verwag. In ons teks kry ons egter die harde werklikheid en die woorde van Numeri 15:30 (lees) wat waar word dat die sondaar letterlik van sy volk afgesny kan word. Die ateïs sal sê dat ons hier tog duidelik met 'n wrede God te doen het, 'n God wat nie liefde openbaar nie.

Verstaan ons wat hier gebeur het? Dit was nie bloot maar net onverskilligheid van die twee oudste seuns nie. Dit was nie maar net 'n foutjie nie. Vergelyk dit met 'n dominee wat tydens die viering van die Heilige Nagmaal ewe skielik Satanistiese of okkultiese objekte en gebruike deel van die viering maak. Dit sal tog geheel en al die heiligheid van God misken. Verstaan ons wat dit beteken dat God heilig en verhewe in sy majesteit is?

Wanneer die Here in die Ou Testament simbolies aarde toe kom, dan woon Hy in die Allerheiligste van die tempel. In Jesaja 6 hoor ons hoe die engele uitroep dat die Here drie maal heilig is en dat die aarde vol is van sy magtige teenwoordigheid. Wie hierop fokus, sal klein word.

In ons teks sien ons die gevolge van iemand vir wie die heiligheid van die Here nie belangrik was nie. Die Here haat sonde en ongehoorsaamheid en sal dit met die dood straf. In Christus het die Vader egter juis dit kom doen. Hy het sy Seun as volmaakte offer vir ons kom gee en ons so heilig gemaak. Ons is 'n "nasie vir God afgesonder" (1 Pet. 2:9).

Ons teks fokus op die groot verantwoordelikhede wat daar is vir dié wat aan Hom behoort. Besef ons wat dit beteken om "onberispelike kinders van God te midde van 'n korrupte wêreld" (Filip. 2:15) te wees?

Sing: Psalm 4:3 (1936)

Ds. W (Werner) van den Heever (Vryheid)

Dinsdag **6**

SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 8:28 – 9:57

FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 8:29-35; RIGTERS 9:1-5, 22-24

Abimelek – 'n lewe sonder God

Lees ons die teks in sy geheel, dan kan ons net so wel sê dat daar 'n film van hierdie gedeelte gemaak kan word met 'n hoë ouderdomsbepanking. Tog beskik ons alvermoënde God dat 'n seun met die naam Abimelek vir Gideon gebore was.

In kort: Abimelek word as een van 70 seuns vir Gideon gegee. Abimelek word dan ook genoem (8:31), en met die eerste indruk sou 'n mens dink dat hy 'n besondere taak sou gehad het. Met 'n naam wat beteken “die vader is koning” sou 'n mens ook so verwag. Dan sien ons egter 'n man wat eerder self koning wil wees (9:2).

Ons sien ook die tipe koning wat hy wil wees in hoe hy vir hom volgelinge gewerf het (9:4). Sy bloedspeer begin met die massamoord op die 70 seuns, met uitsondering van Jotam. Van hier af gaan dit van kwaad na erger totdat Abimelek as lafaard deur sy wapendraer doodgemaak word (9:53, 54).

Al hierdie dinge gebeur as gevolg van die feit dat die volk weereens hulle God vergeet het en vir hulleself Baäl as god gekies het (8:33, 34). Abimelek word die toonbeeld van 'n lewe sonder God. Die Here bly egter in beheer en gebruik in die omstandighede die jongste seun Jotam om 'n boodskap oor te dra. Deur 'n fabel oor bome te vertel, wil die Here deur Jotam wys dat die mense se keuse vir Abimelek as koning waardeloos was. Abimelek die “doringbos” sal brand en so sal die Here sy toorn oor sonde wys (9:56).

Ons teks eindig met die waarheid dat God onreg sal straf (9:56, 57). Die vloek uitgespreek in die fabel (9:8-15) en in vers 20 moet in vervulling gaan. God is getrou in sy barmhartigheid, asook in sy regverdigheid.

Genadiglik kan kinders van die Here weet dat ons Here Jesus reeds vir ons die vloek gedra het. Die Here troos ons egter ook in ons teks deurdat Hy getrou is en boosheid en onreg sal straf.

Sing: Psalm 92:3 (1936)

Ds. W (Werner) van den Heever (Vryheid)

Januarie

God se beloftes

7 Woensdag

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: LUKAS 1:39-56

Dank die Here saam met Maria vir sy verbondstrou

Na haar ontmoeting met die engel Gabriël móés Maria haar hart teenoor iemand oopmaak. Die vreugde was te groot om dit alleen te dra, daarom besoek sy vir Elisabet, 'n vertroude familielid, in die bergstreek van Judea.

Dan sing Maria haar bekende loflied. Dit is 'n tipiese lofpsalm, vol temas uit die Ou Testament. Wat opvallend is, is die skerp kontraste tussen die armes of geringes en die rykes of aansienlikes. Maria sing daarvoor dat God arm en eenvoudige mense (soos sy) nie verag nie, maar Hom oor hulle ontferm.

In die Lukas-Evangelie is die tema van *rykdom en armoede* uit die staanspoor baie belangrik. Armes word deurlopend getroos (vgl. bv. sy weergawe van die saligsprekinge in 6:20-26), terwyl rykes teen die gevare van rykdom gewaarsku word. In 12:16-21 laat hy die gelykenis van die ryk dwaas eindig met die waarskuwing: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie."

Dit is duidelik dat dit waaroor Maria in haar loflied sing, 'n definitiewe tema sou word in die res van die evangelie: die Here God bemoei Hom met die lot van die armes; Hy is die Verlosser wat na die geringes omsien. Van hierdie troosryke waarheid was die kindjie in Maria se skoot vir haar 'n heerlike bewys. Meer nog was die kindjie 'n bewys van God se verbondstrou teenoor Israel, want Hy was die vervulling van God se belofte aan Abraham dat in hom "... al die volke van die aarde geseën sal wees" (Gen. 12:3b).

Dit is die diepste rede vir Maria se blydschap: die feit dat God bewys het dat Hy getrou is aan sy beloftes en barmhartig is teenoor mense. Dit is ook die eintlike betekenis van Kersfees, naamlik dat God deur die Kind in Maria se skoot sê dat Hy aan Homself en sy beloftes getrou is en jou daarom nie in 'n gebroke wêreld harteloos aan jouself uitlewer nie.

Wat die aard van jou nood ook al mag wees, wees verseker daarvan dat God jou raaksien. Hy ontferm Hom oor mense in nood. Dank Hom saam met Maria daarvoor in jou lofsange en gebede!

Sing: Skrifberyming 1:1, 2, 6

Ds. JJ (Koo) Cloete (Hermanus)

Donderdag 8

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: LUKAS 1:57-80

Die Here is genadig – Getuig daarvan

As straf vir sy ongelooft was Sagaria stom (en waarskynlik ook doof) gedurende die verloop van Elisabet se swangerskap. Dan breek die agtste dag ná die geboorte van hulle seuntjie aan, en tot verbasing van die familie en bure dring beide ouers daarop aan dat hy *Johannes* ("die Here is genadig") genoem sal word. Nog groter was die omstanders se verbasing toe Sagaria onmiddellik hierna sy spraak herwin.

Die eerste woorde wat hy uitspreek, is 'n loflied aan God wat ná 400 jaar van stilte weer met sy volk praat. Eers kyk Sagaria in verse 68-75 dankbaar terug, en daarna spreek hy in verse 76-79 'n profesie uit oor die rol wat Johannes as wegbereider vir die Messias sal speel. As die een wat "... voor die Here uit gaan om sy pad gereed te maak" (vs 76), sal Johannes vir sy volk die koms van *verlossing* aankondig. Nie verlossing in die sin van politieke bevryding van die Romeinse juk nie, maar verlossing van *sonde*. Dit was die eintlike vyand waarvan hulle bevry moes word.

Die verlossende optrede van ons Here kan nouliks mooier as in die ligbeelde van verse 78b en 79 beskryf word. Soos die môreson skyn Hy oor ons en lei ons voetstappe op die pad van vrede. Hy, die Son van geregtigheid, lei ons deur sy verlossende optrede uit die duisternis van sondeverlorenheid na die pad van lig en vrede en 'n herstelde verhouding met God!

Toe Sagaria hierdie profetiese woorde uitgespreek het, was daar 'n groot stuk geestelike duisternis in die wêreld. Wanhoop en pessimisme het mense se lewens gekenmerk. En vandag? Ten spyte van die uitwendige vertoon is daar by die moderne mens opnuut 'n deerniswekkende leegheid en pessimisme te bespeur.

Vir sulke mense moet u gaan sê: Jesus Christus is steeds God se enigste en volkome antwoord op ons behoefte aan verlossing en ons soeke na geluk. Wanneer Hy deur 'n ware geloof as enigste Verlosser aangeneem word (Joh. 1:12), maak die leegheid plek vir ongekende blydskap en rotsvaste toekomsverwagting.

Sing: Skrifberyming 2:1, 4, 5

Ds. JJ (Koo) Cloete (Hermanus)

Januarie

God se beloftes

9 Vrydag

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 26:1-13

FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 26:9

Die Here gebruik Abisai om Dawid te toets

Abisai was Dawid se neef, 'n seun van sy ouer suster Seruja. Hy was aan Dawid getrou. Toe Saul weer vir Dawid agtervolg, sien Dawid waar laer opgeslaan is. In die nag bekruipt Dawid, saam met Abisai, vir Saul waar hy slaap. Die Here het egter 'n diepe slaap oor die laer gebring en Dawid daardeur getoets. Abisai sien in dié situasie 'n duidelike aanwysing van God dat Saul sy straf ontvang. Hy wou Saul met sy spies teen die grond vassteek, maar Dawid keer hom.

In die beproewing wat God oor Dawid gebring het, het hy vas gestaan. Dawid was in die versoeking deur die Here getoets. Hy gee nie toe aan die wraaksugtige versoek van Abisai nie. Dawid spaar Saul se lewe, want hy wou nie aan sy dood skuldig wees nie. Hy wou God se dag van afrekening afwag.

Die Here het Abisai gebruik om positiewe en negatiewe dinge in Dawid se lewe te bewerk. Deur Abisai het Dawid oorwinnings oor sy vyande behaal. Hy oorwin die Ammoniete (2 Sam. 10:10-13) en die Edomiete in die Soutdal (1 Kron. 18:12, 13). Hy red Dawid deur die Filistynse reus dood te maak (2 Sam. 21:16). As held was hy beroemd (2 Sam. 23:18, 19). Aan die negatiewe kant was hy deur sy gewelddadigheid en wraaksug vir Dawid 'n las. Hy het saam met Joab vir Abner vermoor (2 Sam. 3:30). Dawid moes ook keer toe hy vir Simeï wou doodmaak (2 Sam. 16:9), net soos in Saul se geval.

Só is Dawid deur Abisai beproef en in versoeking gelei om self wraak te neem. Jesus het in beproewing en versoeking vasgestaan. In sy krag (Ef. 6:10 ev.) kan jy vasstaan en God se wil gehoorsaam wanneer Hy iemand op jou pad plaas om jou gehoorsaamheid te toets.

Sing: Psalm 57:2, 4, 5 (1936)

Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)

Saterdag **10**

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 15:24-36
FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 15:25, 26

Die Here gebruik Abjatar, as priester, in sy diens

Deur Dawid se toedoen het Saul die priesters van Nob laat vermoor. Abjatar het na Dawid gevlug. Die Here gebruik Abjatar om Dawid te ondersteun. Hy het met die skouerkleed en die Urim en Timmum die voorreg behou om voor die Here te verskyn, Hom te raadpleeg.

Wanneer Dawid voor Absalom vlug, raadpleeg hy nie die Here nie. Hy stuur vir Sadok en Abjatar met die ark terug na Jerusalem. Daar laat hy hulle as luistervinke optree om op menslike wyse inligting oor Absalom aan hom deur te stuur.

Dit is opvallend dat Dawid nie vir 'n uitspraak van God wag nie. Wat sou hom daartoe beweeg het? Was dit sy skuldgevoel oor sy sonde met Batseba en die oordeel wat oor sy huis gehang het dat hy nie vrymoedigheid gehad het om die Here te raadpleeg nie?

Dit is moeilik om Abjatar se optrede te verstaan. As priester kon hy die Here geraadpleeg het. Hy moes as middelaar tussen Dawid en God optree en vir Dawid, waar nodig, vermaan. Tog lees ons niks van vermaning nie.

Hierdie nalatige optrede kon daartoe bygedra het dat Abjatar vir Adonia as troonopvolger gekies het. Dawid het nie vir Abjatar laat doodmaak oor sy aandeel in Adonia se sameswering nie. Salomo het egter Abjatar na Anatot verban. So is hy van sy amp as hoëpriester onthef en het die vloek oor die huis van Eli in vervulling gegaan (1 Kon. 2:26, 27).

Die Here het Abjatar as priester gebruik om vir Dawid by te staan, maar ook om hom te beproef. As volmaakte Hoëpriester het Christus Homself as offer gegee. Deur sy Gees stel Hy ons in staat om as priesters onself as lewende en heilige offers in sy diens te gee (Rom. 12:2). Dit is offers wat vir Hom aanneemlik is.

Sing: Psalm 32:2, 3 (1936)

Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)

11 *Sondag*

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 2:8-23; 3:26-27

FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 3:27

Abner – Politiekery gedryf deur eiebelang het slegte gevolge

Die volk Israel se geskiedenis is deur politiekery en 'n stryd om mag gekenmerk. Nadat Dawid in Hebron tot koning van die Judastam gesalf is, het Abner (die vader is 'n lamp) vir Is-Boset koning oor die ander stamme van Israel gemaak. Die gevolg was dat daar 'n geveg tussen Is-Boset se soldate en Dawid se soldate plaasgevind het. Dit het ook daarop uitgeloop dat Abner vir Asael doodgesteek het.

Ja, eiebelang maak van mense vyande. Dit maak dat selfs volksgenote met mekaar baklei. So was daar 'n langdurige oorlog tussen die nageslag van Saul en Dawid (2 Sam. 3:1).

Abner het probeer om sy posisie in Saul se huis te verstewig deur 'n verbintenis met 'n byvrou van Saul (2 Sam. 3:6). Dit het daartoe gelei dat daar 'n breuk tussen Abner en Is-Boset gekom het (2 Sam. 3:7-11). Wanneer twee mense albei na mag streef, hou die verhouding tussen hulle nie lank nie.

Ná die breuk tussen Abner en Is-Boset het Abner met Dawid onderhandel om 'n ooreenkoms met hom te sluit (2 Sam. 3:12). Om opportunisties op te tree (soos Abner hier gedoen het), is 'n kenmerk van eiebelang. Die onderhandelinge tussen Abner en Dawid het goed afgeloop (2 Sam. 3:21). Dit lyk of Abner se politiekery gewerk het.

Joab was egter ontevrede oor die ooreenkoms tussen Dawid en Abner (2 Sam. 3:24-25). Dalk was sy eie posisie as hoof van Dawid se leër in gevaar. Die uiteinde van alles was dat Joab vir Abner op 'n slinkse manier doodgemaak het. Die politiekery gedryf deur eiebelang het 'n droewige uiteinde gehad.

Jesus Christus bevry ons van politiekery gedryf deur eiebelang. Hy het ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader (Op. 1:6). Jy hoef nie te veg vir status of mag nie, want in en deur Hom het jy reeds 'n besondere posisie in God se koninkryk.

Sing: Psalm 68-1:1

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 12:1-9; HEBREËRS 11:8-10

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 12:1; HEBREËRS 11:8

Abraham – Gaan die onbekende met geloof in

Soms neem die Here jou op vreemde paaie en verloop jou lewe nie soos jy beplan of voorsien het nie. So moes Abraham (vader van 'n menigte) wegtrek, weg van sy mense en sy familie af, sonder om te weet waar hy sou uitkom. Hy het dit egter gedoen, want hy het in God geglo.

Geloof in God behels dat jy agter God se roepstem aangaan, waarheen Hy jou ook al vat, selfs die onbekende in. Dit is nie 'n blinde, ondeurdagte sprong in die donker nie, want dit berus op God se beloftes. God het beloftes aan Abraham gegee (Gen. 12:2-3) en daármee kon Abraham die onbekende toekoms ingaan. Dit het aan Abraham geloofsvisie gegee sodat hy uitgesien het na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is (Heb. 11:10).

Om die onbekende met geloof in te gaan, beteken nie dat alles net goed sal verloop of dat jy nooit sal foute maak nie. Die verhaal van Abraham se lewe is vol voorbeelde hiervan. Die verhaal van Abraham se lewe wys egter ook hoe God regmaak waar 'n mens gefaal het. Dit wys hoe God Hom aan sy gelowige kind verbind. Dit wys hoe niks vir God onmoontlik of te laat is nie. Dit wys hoe God uitkoms gee wanneer alles donker en verlore lyk.

Die verhaal van Abraham se lewe wys dat ons nie net teen die hier en nou moet vaskyk nie. Dit wys dat ons inderdaad die onbekende met geloof kan ingaan.

Die toekoms is vir ons onbekend. Ons weet nie wat dit vir ons inhou nie. Tog kan jy dit met geloof tegemoet gaan, want alles wat Abraham se lewe vir jou oor God leer, is soveel te meer waar as gevolg van dit wat Jesus Christus gedoen het. Hy het al God se beloftes waar gemaak.

Sing: Psalm 91-1:1, 2, 6

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)

13 *Dinsdag*

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 12:14-21 (NAV)

Absalom – Wraak kom nie die mens toe nie

Absalom het 'n hartseer geskiedenis (gaan lees gerus 2 Samuel 13-19 wanneer jy bietjie meer tyd het). Alles begin met Amnon wat sy eie suster Tamar verkrag het. Absalom, hulle ander broer, het Amnon daarvoor gehaat en hom twee jaar later vermoor. Aan Dawid, hulle pa, is daar berig: "Waarlik, daar was moord in Absalom se oë vandat Amnon sy suster Tamar oenteer het" (2 Sam. 13:32). Dawid het hom egter nie op Absalom gewreek nie.

Later het Absalom op slinkse wyse die koningskap van Dawid afgevat en het hy so vergegaan as om sy eie pa te probeer vermoor. Dawid het op geen manier probeer om sy seun se haat teen hom te wreek nie. Hy het intendeel by sy eie manskappe gepleit dat hulle saggies met Absalom moes werk indien hulle hom dalk sou vang.

Uiteindelik sterf Absalom self in sy opmars teen sy pa en Dawid treur bitterlik oor sy seun. Wraak kom nie die mens toe nie.

Dit word ons geleer in Jesus se optrede. Menslik gesproke, moet ons erken, moes Hy die volste reg gehad het om Hom oor onreg te kon wreek, maar Hy het nie. Hy het nie kwaad met kwaad vergeld soos Absalom nie. Intendeel, my en jou skuld en onreg het op Hom gekom. "Hy het ons smaad gedra sodat ons nooit weer tot skande sou word nie. Hy is ter dood veroordeel sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kan word. Hy is aan die kruishout vasgespyker om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te nael" (Nagmaalsformulier).

Mens hoor so maklik die woorde: "Ek maak iemand dood as hy aan my kind raak ..." of: "Ek doen iemand iets aan as hy dit of dat teen my doen ..." Dalk mag dit gedagtes wees waarmee jy self worstel. Dink aan die hartseer verhaal van Absalom en dink dan aan ons Here se voorbeeld van liefde in plaas van wraak. "Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie ... Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie" (Rom. 12:16b, 17a, 21).

Bid dat die Heilige Gees jou die krag en wysheid sal gee om onreg met liefde te beantwoord.

Sing: Skrifberyming 9-4:5, 6

Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 5:12-21 (NAV/DIREKTE VERTALING)

Adam – ’n voorbeeld wat heenwys

Adam ... die eerste skepsel na God se beeld geskape. Die eerste wat die opdrag ontvang het om oor sy eie wil te heers deur gehoorsaam te wees aan die wil van God en nie van die vrug van die boom van die kennis van goed en kwaad (Gen. 2:17, OAV) in die middel van die tuin van Eden te eet nie. Die eerste deur wie die sonde gekom het. (Eva word nie daarvoor verantwoordelik gehou nie – Adam moes haar keer, maar hy het nie!)

Deur een daad van sonde het die hele mensdom in sonde geval. Ja, een enkele oortreding van ’n enkele gebod teen God het tot die veroordeling van alle mense gelei. Dit is soos wat dit elders in die Skrif staan: “Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie; daar is niemand verstandig nie, daar is niemand wat God soek nie. Almal het afgedwaal, saam het hulle waardeeloos geword. Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie” (Rom, 3:10-12 - Direkte Vertaling). Dít alles was die gevolge/reikwydte van Adam se ongehoorsaamheid ...

Soos die optrede van één tot die ewige dood van die mensdom gelei het, so het Één weer tot die redding van die mens verskyn, Jesus Christus. So word Adam genoem “’n voorbeeld wat heenwys na Hom wat sou kom” (Rom. 5:14 - Direkte Vertaling).

Hy wat gekom het, het God se genade in ’n sondige wêreld kom vestig deur Homself in liefde te gee, sodat elkeen wat in Jesus glo, van die ewige dood vrygespreek word en die ewige lewe as gawe ontvang. Genade deur Één is so oneindig groter as verlorenheid deur één!

Hierdie genade is nie goedkoop nie. Dit het gekom deur volkome gehoorsaamheid van die Één tot aan die kruis. Dink vandag en elke dag daaraan hoe groot God se genade werklik is wanneer jy jouself spieël aan die wet van God (Rom. 5:20, 21).

Leef vanuit hierdie genade en hou daaraan vas dat hierdie genade oneindig groter is as menslike verlorenheid ...

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Dr. SP (Fanie) van der Schyff Pretoria-Brooklyn

15 Donderdag

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 1:1-14 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 1:5, 10

Adonia – Die Here besluit wat ons in die lewe toekom

Die nuwe jaar het maar onlangs begin. Wat verwag jy van die nuwe jaar? Waarna streef jy in jou werk, jou persoonlike lewe, jou huwelik, jou nuwe skooljaar?

Dit is goed om doelwitte en ambisie te hê en dit na te jaag, maar as gelowiges moet ons steeds weet: doen dit in diepe nederigheid en met die wete dat die Here alleen besluit wat ons toekom en wat met ons gebeur.

In Adonia (my heer is die HERE), die vierde seun van Dawid, tref ons iemand aan wat juis nie so opgetree het nie. Sy pa, koning Dawid, is naby sy einde. Adonia het op sy eie en vol hoogmoed besluit dat hy sy pa as koning gaan opvolg. Uit sy gedagtes volgens vers 5 blyk sy hoogmoed en die feit dat hy oor hierdie saak glad nie met die wil van die Here rekening gehou het nie. Hy dink vol hoogmoed by homself: "Ek gaan binnekort koning word."

Dat hy nie met die Here oor hierdie groot saak rekening gehou het nie, word verder duidelik wanneer ons kyk wie hy nie na sy inhuldigingsplegtigheid as koning nooi nie. Hy nooi nie vir Natan, die profeet van die Here wat die wil van die Here geken het en hom sou keer nie. Hy nooi ook nie sy pa, koning Dawid nie, en ook nie sy broer Salomo wat deur die Here aangewys is om koning te word nie. Hulle sou hom verseker teengestaan het. Dit is duidelik dat hy in sy ambisie om koning te word, nie met die Here omgegaan het nie.

Ja, dit is goed om wilskrag en ambisie in ons lewens te hê. Dit moet egter altyd met 'n lewende verhouding tot die Here, Jesus Christus, gepaardgaan, waar ons in diepe nederigheid die dinge najaag wat volgens sy wil is en altyd weet: Hy is Koning oor my lewe, Hy besluit wat my toekom.

Sing: Psalm 138:1, 3 (1936)

Ds. L du P (Wikus) van der Vyver (Silverton)

God se beloftes

Januarie

Vrydag 16

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 18:6-22
FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 18:17, 19

Adriël – Doen wat jy sê

Vanuit die Woord van die Here gaan ons vandag spesifiek dink oor die vraag of ons werklik ons woord hou as ons iets gesê het? In die gebeure oor Saul en Adriël (kudde van God) waarvan ons saam gelees het, leer ons meer hieroor.

Koning Saul het op 'n stadium aan Dawid gesê: “Hier is my oudste dogter Merab. Ek gee haar aan jou as vrou” (vs 17). Later, toe dit 'n werklikheid moes word, het Saul egter sy dogter vir iemand anders gegee, vir Adriël, die Megolatie. Adriël was van Abel-Mehola afkomstig, 'n dorp in die middelste deel van die land, nie ver van die Jordaanrivier af nie. Saul het sy belofte aan Dawid verbreek, sy word nie gehou nie. Ook op hierdie manier het Saul gewys dat sy hart nie naby die Here was nie.

Elke dag sê ons dinge vir mense. Dikwels is dit somer iets kleins. “Ek kom vandag by jou tee drink.” “Ek gaan jou skakel op jou verjaardag.” In die skool het jy vir jou vriend/vriendin gesê jy gaan hom/haar vanmiddag help met iets.

Ons sê maklik dinge. Doen ons egter wat ons sê, of is ons maar dikwels soos Saul wat nie sy woord gehou het nie? Dadelik dink ons aan die woorde van die Here Jesus: “Laat julle ‘ja’ eenvoudig ‘ja’ wees en julle ‘nee’ ‘nee’” (Matt. 5:37).

Deur die kragtige en voortdurende werking van die Heilige Gees kan ons elkeen vandag en elke dag doen wat ons sê. So kan ons ook in die klein dingetjies van elke dag die wil van die Here meer en meer uitvoer en nuut lewe vol integriteit in gehoorsaamheid aan Hom.

Sing: Psalm 116:6, 7 (2001)

Ds. L du P (Wikus) van der Vyver (Silverton)

17 Saterdag

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 4:12-22

FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 4:20-22

Ikabod – ’n Vrou sonder naam, maar bekend en bruikbaar vir God!

'n Vrou wie se naam nie eers genoem word nie, noem haar seuntjie by sy geboorte “Ikabod” – “die eer is weg”, of “waar is die eer?” Alleen deur die genadewerking van die Heilige Gees kon sy tot so ’n sprekende naam kom.

Eerstens het hierdie naam die skande verwoord wat al vir so lank onder die Israëliete plaasgevind het. In 1 Samuel 2 lees ons hoedat haar man, Pinehas, ’n priester, haar eer as vrou weggeem het deur by die meisies wat in die tent van ontmoeting werk, te slaap. Hy het ook die offers onteer deurdat hy vooraf van die beste offervleis gevat het. Hy was ook ’n geweldenaar en dus nie sy amp as priester waardig nie. Die volk se godsdiens het verder ontaard in ’n bygeleef dat solank as wat die ark in hulle midde was, dit met hulle goed sou gaan. Alles in die lewe het dus om hulleself gedraai. God het nie regtig saak gemaak nie. Ons kan dalk deesdae met reg in skande uitroep: Ikabod! Hoe dikwels vier mense diens hoogty bo Godsdienste? Hoeveel onreg word gepleeg: diefstal, bedrog, ensovoorts! Is beginsels nog belangrik?

Tweedens was die sterwende vrou se uitroep ’n uitroep van geloof. Sy het immers nie gekla oor haar eer as vrou, of oor haar man, skoonpa of die sowat 34 000 man wat op die slagveld dood lê nie. In haar sterwensoomblikke worstel sy nie om selfbehoud nie, maar bely sy eintlik (vs. 22): Waar is die eer vir God? Hoeveel dinge in ons lewens is op God se eer gerig, en hoeveel op ons eer en ons behoud?

Laastens is die naam “Ikabod” ’n uitroep om troos. Rondom die sterwende vrou was troosters wat sê: “Moet jou nie bekommer nie, want jy het ’n seuntjie.” Jou man se nageslag leef voort! Sy het hulle nie geantwoord nie. Dit was immers nie haar bekommernis nie. God se eer onder die volk was haar bekommernis.

En ons? Waarin lê ons troos: meer polisiemanne, verskerpte sekuriteit, geld, besittings? Nee, God antwoord deur al sy eer af te lê en as babaseun in ’n krip te kom lê. Hy antwoord deur self, in ons plek, buite Jerusalem doodgemaak te word: EERLOOS! Sodat, al sterf ons eerloos, ons aan die einde van ons lewe in eer en heerlikheid by Hom opgeneem mag word. Hy antwoord deur aan ons sy Gees as Trooster te stuur wat ons voortdurend lei en dra.

Hoe moet ons dan elke dag in hierdie wêreld lewe? Gee aan God alleen die eer dwarsdeur u lewe.

Sing: Skrifberyming 4-6

Ds. AB (Braam) van der Walt (Lichtenburg)

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 20:8-22
FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 20:13, 14

Agab – Die Here is God van alle mense

Agab se goddeloosheid het geen perke geken nie. In 1 Konings 16:33 word gesê “hy het meer gedoen om die Here die God van Israel te tart as al die konings van Israel voor hom”. Boonop het hy ook nog met die fanatieke heiden, Isebel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, getrou. Sy het beslis die broek in die paleis gedra. Onder haar invloed het Agab die Baäldiens ingevoer. Sy het ook die profete van die Here doodgemaak. Obadja, die paleisopsigter, kon wel honderd profete in grotte wegsteek en van kos en water voorsien.

Agab en Isebel het hulle glad nie aan God gesteur nie. Al teken dat hulle van die God van Israel geweet het, was dat hulle hul drie kinders se name met die naam van die Here saamgestel het. Hy wou miskien so probeer om die diens van die Here en dié van Baäl te verenig. Tog het Agab hom nie bekeer toe dit op Karmel baie duidelik uitgewys is dat die afgode nikswerd is en die God van Israel almagtig is nie. Hy het die goddelose Agab gebly.

Dan, ondanks al Agab se boosheid, sien ons dat die Here steeds genade aan Agab betoon deurdat Hy vir Agab laat weet dat hy Ben-Hadad, koning van Aram, kan aanval. Die Here sal die oorwinning gee, “*dan* sal jy besef dat Ek die Here is” (20:13). Agab het gehoorsaam gedoen wat die Here beveel het. Die oorwinning is behaal, maar geen bekering het plaasgevind nie. ’n Jaar later het Ben-Hadad weer aangeval. Weer het die Here gesê Hy sal die oorwinning skenk. Weer het dit gebeur. Steeds geen bekering nie.

Wat sien ons hier gebeur? ¹ Die Here hou nie op om God te wees as jy Hom nie as jou God erken nie. Hy regeer steeds oor alles en almal. ² As die Heilige Gees nie in die mens die geloof werk nie, sal jy nie kan glo nie. ³ As die Here steeds bereid was om Hom aan Agab as die ware God te openbaar, waarom sal Hy my nie ook elke dag in sy genade bystaan en lei as die ware God nie? ⁴ Agab het hom wel nie tot God bekeer nie, maar in Psalm 51:19 bely Dawid: “U sal ’n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.”

Ons weet: in Christus is God se genade vir ons genoeg. Daarom kan ons met vrymoedigheid tot God nader, al is ons vuil en vol sonde. Hy sal ons as sy kinders versorg.

Sing: Psalm 51:1, 8

Ds. AB (Braam) van der Walt (Lichtenburg)

Januarie

God se beloftes

19 *Maandag*

SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 21

FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 21:10-13

Agabus – Wat nou, Here?

Ons kom daagliks voor keuses te staan. Daar is altyd nuwe uitdagings in ons werksituasie en met die mense om ons. Hoe benader jy die uitdagings van die toekoms? Ignoreer jy dit? Maak jy keuses tot jou eie gerief of voordeel? Volg jy die leiding van die Heilige Gees?

Agabus (skitterend) tree as mondstuk van die Heilige Gees op. Hy openbaar die gebeure van die toekoms, maar skryf nie voor hoe die gelowiges daarop moet reageer nie. Hoewel die Skrif en die Gees hulle lei, moet hulle self verantwoordelikheid neem.

Paulus en die dissipels besef dat hulle moet reageer. Die driejarige droogte, 46 nC, het die mense in Judea erg verarm en verhonger. Die gelowiges besluit om geld in te samel om vir hulle medegelowiges te stuur. Dink net wat elke klein bydrae vir hierdie arm en verhongerde mense moes beteken! Dink ook daaraan as jy Sondae jou bydrae in die kollektesakkie gooi.

Paulus weet nou dat hy in Jerusalem gevange geneem gaan word. Hy is voorbereid. Hoewel die medegelowiges hom afraai om te gaan, deins hy nie terug van sy taak in Jerusalem nie, want hy stel God se belang bo sy eie. Sy eie lewe is vir hom minder werd as God se werk.

Dit gee vir ons 'n duidelike riglyn hoe ons moet reageer op die tipiese Agabus-uitdagings van elke dag. Of jy nou te staan kom voor bepaalde nood, of 'n byna onmenslike groot uitdaging of besluit, behoort jy só op te tree dat God se belang en eer gedien word. Jy behoort die belang van jou medegelowige – ouers, eggenoot, kinders, medelidmaat – bo jou eie te stel.

Jy moet eerlikheid, waarheid, liefde en ander Bybelse waardes toepas in 'n wêreld vol konflik en versoekings.

Die Heilige Gees maak jou bekwaam en die Woord rus jou toe.

Sing: Psalm 25:2 (1936)

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)

God se beloftes

Januarie

Dinsdag 20

SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 16
FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 16:10-13

Agas – Hoe lyk die plan van jou lewe?

Die altaar in die tempel was deur God self ontwerp. God het die plan daarvoor aan Moses oorhandig (Eks. 26:30). Dit was 'n bronsaltaar wat aan God se vereistes voldoen het. Vir baie jare het gelowiges op hierdie altaar aan God geoffer.

Dan sien Agas (hy hou vas), die koning van Juda, egter 'n baie mooi altaar in Damaskus. Dit was 'n altaar van 'n Assiriese afgod. Agas is dadelik versot daarop en stuur 'n plan daarvan vooruit na Jerusalem met die opdrag: Maak vir my ook so 'n altaar!

Hierdie nuwe altaar sou God se ou altaar vervang! Daarmee vervang Agas egter ook vir God, want as hy tuis kom, offer hy op die nuwe altaar – maar nie aan God nie ... nee, aan die nuwe opwindende gode van die Assiriërs (2 Kron. 28:23). So wil Agas identifiseer met hulle wat in wêreldse terme suksesvol is.

Agas verkies die planne en metodes van die wêreld bo God se plan en God se metodes. Hy hou vas aan die wêreld. Paulus sê egter in 1 Korintiërs 3:19 – “Die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God.”

Die Bybel bevat God se plan vir jou. Vir jou godsdiens, vir jou redding in Christus, vir jou persoonlike lewe, jou huwelik en jou gesin. 'n Plan wat aan God se vereistes voldoen en wat deur die Heilige Gees gelei word.

Daar is egter ook baie ander planne! Wêreldse planne: planne vir die huwelik, planne vir die gesin, planne vir die Sondag, planne vir jou persoonlike lewe, ensovoorts. Dit is egter nie God se planne nie. Dit is planne wat dikwels die sondige begeertes en behoeftes bevredig.

Ken jy die verskil tussen God se plan en die wêreldse planne? Watter plan volg jy vir jou lewe?

Sing: Psalm 119:4, 5 (1936)

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)

21 *Woensdag*

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 15:31; 17:1-14
FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 17:13-14 (NAV)

Agitofel – Die Here sal jou help in die aanslag deur die goddelose

Gelowiges beleef wêreldwyd die groeiende aanslag van die bose. Die aanslae kom selfs van sogenaamde “vriende” wat jou in die rug steek en bespot weens jou geloof. Dawid beleef ’n verskriklike beproewing – sy eie seun Absalom veg teen hom! Absalom se stryd teen die gesalfde van die Here was opstand teen die Here (2 Sam. 7:16).

In hierdie stryd speel Dawid se raadgewer, Agitofel (broer van die dwaasheid), ’n groot rol. Met hom moes ’n mens rekening hou (2 Sam. 16:23). Dawid kry die slegte nuus dat Agitofel by Absalom aangesluit het. Hy smeek die Here: Here, laat daar tog niks kom van Agitofel se raad (aan Absalom) nie (2 Sam 15:31).

Die Here antwoord Dawid deur die verloop van gebeure op ’n besondere wyse te bestuur. Dawid kry die insig om ’n sekere Gusai na Absalom te stuur om Agitofel se raad tot niet te maak (2 Sam. 15:32-34). Dit gebeur dan ook: In sy boosheid raai Agitofel Absalom aan om Dawid aan te val. Gusai sê daarenteen: Absalom sal in onguns raak by die volk, want Dawid se uitgeslape manne sal Absalom se manne oorweldig.

Absalom volg eerder Gusai se raad as dié van Agitofel. Deur die gebeure het die Here die raad van Agitofel verydel, omdat Hy Absalom wou straf (2 Sam. 17:14). Agitofel is so teleurgesteld dat hy homself ophang (2 Sam. 17:23).

Agitofel se optrede is sprekend van die goddelose se opstand teen die Here en sy mense. Wie teen die Here en sy planne ingaan, sal bedroë daarvan afkom. Bose mense kon immers nie God se heilsplan deur Christus stuit nie. Inteendeel, die Here het die bose in sy plan gebruik.

Dit kan jy weet: Vandag nog gee die Here insig en leiding om die bose en hulle slinkse planne teë te werk. Gebruik gebed om die aanslae gerig teen jou, jou gesin en die kerk te beveg. Die Here sal die werk van goddeloses verydel tot die uitbreiding van sy koninkryk en die eer van sy Naam. Wie kan die werk van die Here keer?

Sing: Skrifberyming 14-3:1, 4

Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)

Donderdag 22

SKRIFGEDEELTE: ESTER 2:1- 4, 15-18

FOKUSGEDEELTE: ESTER 2:17

Ahasveros – Vind troos in die Here se beheer, ook oor en deur goddelose mense

In die onseker wêreld waarin ons vandag leef, word ons met die vraag gekonfronteer: Wie het eintlik die beheer? Regeerders, wetgewers en plaaslike owerhede? Uit die geskiedenis rondom koning Ahasveros van Persië kry ons die antwoord.

Ahasveros was 'n goddelose koning vir wie sy eie aansien en genot vooropgestel was. Tydens 'n weeklange swelgparty ontbied Ahasveros sy vrou Vasti om met haar voor sy gaste te spog. Sy weier summier – sy is nie een van sy besittings nie (Ester 1:12, 13). Hy is woedend en ontsê haar die reg om koningin te wees omdat sy eie ego aangetas is. Onder leiding van sy raadgewers soek hy weer vir hom 'n ander vrou.

Die Here beskik dat die gelowige Ester sy vrou word. Dis hier waar die groter prentjie ontvou. Ester word deur die Here ingespan om die Jode teen die bose planne van Haman en van ondergang in Persië te beskerm. So wie het die beheer? Die magtige koning Ahasveros? Vandag se regeerders? Nee, God het sy groter planne en span selfs selfsugtige konings en regeerders in tot sy groter doel en die behoud van sy mense.

So was dit met Jesus Christus. Soveel invloedryke mense was rolspelers rondom sy kruis – Kajafas, Pilatus, Herodes en ander. Sonder dat hulle dit geweet het, het die Here hulle aangewend om ons salige redding te bewerk. Nie Ahasveros nie, nie enige mens kan teen die Here se planne standhou nie.

Wees getroos as jy goddelose regeerders en beleidmakers sien handel. God is groter as hulle. Uiteindelik bly hulle slegs instrumente in sy hande. Alles en almal is binne sy kragtige greep. Hy het die laaste sê en bestuur alles ten goede vir sy kinders – selfs deur die optrede van die ongelowige rolspelers rondom ons.

Sing: Psalm 33:1, 5, 6 (1936)

Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)

Januarie

God se beloftes

23 *Vrydag*

SKRIFGEDEELTE: LUKAS 2:40-52

FOKUSGEDEELTE: LUKAS 2:49

Jesus se hoogste prioriteit

Toe Hy 12 jaar oud was, het Jesus sy ouers (waarskynlik) vir die eerste keer na die jaarlikse Paasfees in Jerusalem vergesel. Daar aanskou Hy onder andere die slagting van die paaslam en die ander tempelseremonies wat op Hom betrekking het.

Presies hoe die jeugdige Jesus al hierdie dinge belewe het, word nie in soveel woorde vir ons gesê nie. Wat wel sonder twyfel waar is, is dat sy gedagtes en belewenisse só verheue was dat dit in geen mensewoorde na regte beskryf kan word nie. Ja, natuurlik was Hy tuis in die huis van sy Vader, want daar het Hy iets van die atmosfeer ervaar waaraan Hy voor sy menswording gewoon was. Daarom is dit nie vreemd dat Jesus in die tempel agtergebly het toe sy aardse ouers hulle terugtog aangepak het nie. Hy moes nou in die huis van sy Vader met die dinge van sy Vader besig wees!

Jesus se antwoord aan die ontstelde Josef en Maria (vs 49) is van besondere betekenis. Dit is sy eerste woorde wat vir ons opgeteken is en dit verklaar sy verdere optrede baie duidelik. Hoewel Hy voortgaan om sy aardse ouers te eer, moet hulle begryp dat Hy bo alles besig moes wees met die dinge van sy wáre Vader. Daarom is sy ware familie diegene wat saam met Hom die wil van sy Vader in die hemel doen (Mark. 3:31-35).

Niks was ooit vir Jesus belangriker as om die wil van sy Vader in die hemel te gehoorsaam nie. Onder hierdie volmaakte wil het Hy onvoorwaardelik gebuig: deur sy doop, die versoekinge, die verheerliking op die berg, Getsemane en die onregverdigde verhore. Uiteindelik Golgota waar Hy aan die einde van sy volmaakte lydensweg kon verklaar: "Dit is volbring!" (Joh. 19:30).

Deur geloof in Jesus Christus mag ook jy 'n kind wees in die huisgesin van die hemelse Vader. In en deur Hom, die unieke Seun van God, mag jy as aangenome seun of dogter sy Vader ook jou Vader noem. Dit is 'n onbeskryflike voorreg. Dien daarom – soos jou oudste Broer – jou Vader met onvoorwaardelike gehoorsaamheid.

Sing: Psalm 84:1, 5

Ds. JJ (Koo) Cloete (Hermanus)

SKRIFGEDEELTE: LUKAS 3:1-22

FOKUSGEDEELTE: LUKAS 3:1, 2

Die onbegryplike wysheid van die Goddelike tydsberekening

In Lukas 3 vind ons die oorgang van die geboortegeschiedenis na die amptelike optrede van die Messias. As die woord van God tot Johannes in die woestyn kom (vs 2), kan die offensief teen die magte van die duisternis amptelik begin. Die pad kan vir die Here gereed gemaak word!

Vir ons met ons menslike "wysheid" kan dit maklik lyk of God nouliks 'n meer ongeleë oomblik kon kies om met sy aanval te begin. Kyk dan net na die name van die heidense heersers wat in vers een genoem word. Dit lyk meer na 'n dodelike hinderlaag as na enigiets anders. Al hierdie mense was uitgesproke vyande van God en van sy koninkryk. Daarby het Annas en sy skoonseun, Kajafas, van die hoëpriesteramp 'n jammerlike bespotting gemaak.

Eers dán, teen hierdie ongunstige, onheilspellende agtergrond roep God vir Johannes uit die woestyn. Al hierdie dinge gebeur in die vyftiende regeringsjaar van keiser Tiberius. Sien jy, die aanvangsdatum van God se aanval teen die magte van die duisternis is volgens 'n wêreldse kalender van 'n antichristelike keiser gedateer! Tog, vandag is dit die 24ste Januarie van die jaar 2014 na Christus. Vergelyk dit met die vyftiende jaar van Tiberius. Iewers langs die pad het 'n verwisseling van mag gekom. Wêreldwyd word tyd nou volgens die menswording van God se Seun bereken.

Hoe ver is God se wysheid tog bo menslike wysheid verhewe. God het 'n korrupte Romeinse regstelsel en 'n ewe korrupte Levitiese priesterskap gebruik om sy Seun tot 'n kruisdood te laat veroordeel en Hom daarna tot sy regterhand te verhoog. Jesus Christus het ook vir jou die duiwel, die sonde en die dood oorwin. Verbly jou in sy volmaakte regering en bly getrou tot Hy weer kom.

Wat op aarde begin het in die vyftiende jaar van Tiberius, sal ook vir jou tot skone afronding gebring word in die nuwe Jerusalem by God!

Sing: Skrifberyming 45:1, 9, 10

Ds. JJ (Koos) Cloete (Hermanus)

25 *Sondag*

SKRIFGEDEELTE: JOSUA 7:1-12, 19-26

FOKUSGEDEELTE: JOSUA 7:1, 25

Akan – tug in die Akorlaagte

Die geskiedenis in Josua 7 werp vir ons lig op die noodsaaklikheid van Christelike tug in die kerk van die Here. Nadat Jerigo deur Israel ingeneem is, wil Josua die vesting Ai met gemak inneem. Maar wat 'n ontnugtering! Die manne van Israel word deur die inwoners van Ai verslaan en moet op die vlug slaan. Israel verloor die eerste gewapende botsing met 'n volk in die beloofde land. Die volk se moed is gebreek. Wat het van God se belofte geword?

In sy antwoord op Josua se gebed wys die Here op die oorsaak van die neerlaag by Ai: die hele volk is skuldig omdat daar waardevolle artikels, wat aan die Here gewy is, steeds in die volk se besit is. Daar is 'n man wat die Here se besittings gesteel het. Hy het van die oorlogsbuit vir homself gebuit! So het hy die oordeel van God *oor die hele volk gebring*. God sal nie meer in Israel se midde wees nie, en voortaan sal Israel deur hulle vyande verslaan word – *tensy die skuldige gestraf word*. Versoening alleen as daar getug word.

Uit die 12 stamme word die stam Juda aangewys. Een van sy stamlede het van die bangoed geneem. *Akan* (krom) word as die skuldige aangewys. Uiteindelik bely Akan sy skuld: *Dit is waar. Ek het gesondig teen die Here die God van Israel* (vs 20) en hy wys die gesteelde silwer, goud en klere onder sy tent uit. Akan word gestenig en met vuur verbrand, hy en sy mense.

Vir ons menslike gevoel is dit verskriklik en onverstaanbaar: Akan bely sy skuld en tog word hy gestraf! Ons moet hierdie tragiese gebeurtenis egter ook in Nuwe-Testamentiese lig sien. Akan se straf daar in die dal van Akor roep om die koms van ons Middelaar, Jesus Christus uit die stam van Juda. Soos Akan moes sterf sodat die hele volk weer die guns van God kon geniet, het Jesus Christus gekom om vir God se volk te sterf sodat ons kan lewe.

Hosea 2:14 sê dat die Here die Akorlaagte weer 'n poort na 'n nuwe toekoms, 'n deur van hoop, sal maak. Vir ons is Christus die hoop, die poort na 'n nuwe toekoms.

Eers as ons by Christus gekom het, kom ons siel tot rus, ook wat betref die onrus wat Akan se geskiedenis in ons wakker maak oor die versoening van skuld. Romeine 5:19 sê immers: *“Want soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word.”*

Sing: Psalm 99:1, 5 (1936)

Ds. NJ (Nic) van der Walt (Brits)

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 21:10-15; 1 SAMUEL 29:9-11

Akis/Agis – Weggelei en weer teruggelei

Twee kerngedagtes kom in ons Skrifgedeeltes voor: deur vrees *weggelei* van God se beskerming, en deur genade weer *teruggelei* na God se beskerming.

Deur vrees weggelei van God se beskerming – Dawid vlug voor koning Saul uit wat hom uit jaloesie wil doodmaak. Hy bevind hom in Filistynse gebied. Uit vrees vlug hy na Agis, die Filistynse koning van Gat. Daar hoor Dawid hoe Akis se amptenare vertel van die vroue wat in Jerusalem met koordanse gesing het dat Saul sy duisende, maar Dawid sy tienduiseende verslaan het. Hulle het geweet dat Dawid die reus Goliat verslaan het. Hulle het geweet dat Dawid as koning oor Israel gesalf is. Hy verkeer nou ook hier in lewensgevaar, want koning Akis sal hom sien as vyand van die Filistyne. Lees Psalm 56. Uit vrees in die nood hou Dawid hom dan waansinnig voor die Filistyne. Hy het teen die deure van die poort gekrap en sy spoeg in sy baard laat afloop (vs 12) en koning Akis stuur hom weg. So lees ons in Psalm 34:1 waar Akis ook Abimelek genoem word. Hierdie optrede van Dawid is *verstaanbaar*, maar *onaanvaarbaar*. Dawid was immers as koning oor Israel gesalf. God het tog beloop dat Hy Dawid sou beskerm en met Hom sou wees. Dit was nie nodig dat hy met waansinnigheid homself teen die Filistyne probeer verskans nie. Die plek van Dawid is in sy land, by en onder sy volk waar God se eie Woord beskerming bied. En God se Woord is kragtig. Dit het Dawid gewéét, maar toe die gevaar dreig, het hy dit vergéét. Hy gryp na vleeslike wapens en tree intuïtief, ondeurdag op. In deperaatheid en vreesbevangenheid is hy *weggelei* van God se beskerming. Hy soek beskerming deur menslike planne.

Gebeur dit nie ook soms in ons eie lewe nie? Uit vrees vir byvoorbeeld ongewildheid praat en doen mense dikwels heeltemal anders in 'n groep as wat hulle alleen sou wees. Groepsdruk is by ons jongmense so bekend. Bang vir mense om te getuig vir die waarheid, swyg ons maar ... Hoe het Christus nie gebid in Getsemane nie. Uit angs het Hy bloed gesweet, maar in gehoorsaamheid enduit die lydensbeker gedrink ... tot die laaste droesem toe.

Deur genade weer teruggelei na God se beskerming – Die wonder van God se genade is dat die Filistynse koning Akis se amptenare Dawid as 'n Hebreër nie vertrou nie. Israel is immers die Filistyne se aartsvyand! Alhoewel Akis Dawid as 'n opregte man beskou het, voer hy die wens van sy amptenare uit: Dawid word na Siklag teruggestuur. Deur God se genade word Dawid *teruggelei* na sy roeping as koning van Israel volgens God se belofte van beskerming. Die Here gebruik die vyandige Filistyne om Dawid terug te lei na sy koningskap waartoe hy gesalf is. Nie meer Dawid se desperate, eiewillige planne tot selfbeskerming nie, maar God se genade is sy beskerming. Spreuke 21:1 – *Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos 'n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies*. Ja, deur die Filistyne se toedoen het Dawid die koningskap oor Israel weer opgeneem en uiteindelik die Filistyne verslaan.

Sing: Psalm 91:1, 6 (1936)

Ds. NJ (Nic) van der Walt (Brits)

Januarie

God se beloftes

27 *Dinsdag*

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 1 EN 2 (OAV)

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 2:1-3

God se rus en ons rus

“*In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg*” (1:1, 2 OAV). God het geskep. Hy het net 'n woord gesê en alles het uit niks tevoorskyn gekom. Sy skeppingswoord bring orde in die hemel en op aarde. Dag en nag volg mekaar reëlmatig op. So wys God dat Hy 'n God van orde is.

Na die ses dae waarin God alles volgens sy volmaakte plan geskape het, het Hy “*op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het*”. Hy rus nie omdat Hy moeg is nie, maar Hy geniet sy skeppingswerk. Hy sonder die dag af as 'n dag van rus.

Hierin moes Adam en Eva Hom navolg. Hulle ontvang ses dae waarop hulle kan en moet werk. Op die sewende dag maak die Here hulle hande los om die verhouding met Hom te geniet. Op die sewende dag leer hulle Hom ken as die God wat nie van mense slawe van hulle werk maak nie. Hy wil hê dat hulle koning moet wees oor hulle werk. Hulle kan, veral in sy teenwoordigheid, volmaakte harmonie en rus vind.

Hierdie rus in die teenwoordigheid van die Here is deur Christus vir ons moontlik gemaak. Elke Sondag vertel van sy heerlike genade. Ons kan in sy teenwoordigheid rus deur sy Woord te hoor en sy liefde geniet.

Hoe rus jy elke Sondag?

Sing: Psalm 92:1, 2

Ds. AP (Abraham) Krüger (Welkom)

God se beloftes

Januarie

Woensdag 28

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 3 (OAV)

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 3:17-19

Werk en sweet

Waarom word 'n mens moeg as jy werk? Dink net hoe lekker sal dit wees om te werk sonder om moeg te word.

Werk is nie 'n straf op die sonde nie. Die werkopdrag is voor die sondeval gegee (Gen. 2:15). Adam en Eva sou met vreugde en sonder moegword hulle koningskap oor God se skepping kon uitoefen. Hulle het egter self besluit om teen die Here in opstand te kom. Die duiwel het hulle wel daartoe verlei, maar dit neem nie hulle skuld weg nie. Hulle kon "nee" gesê het. As gevolg van hulle opstand teen God, verloor hulle die voorreg om te werk sonder om moeg te word.

Die straf van die Here raak drie sake aan. Die mens sal met moeite sy kos uit die aarde kry. Daarby is die opbrengs beperk as gevolg van dorings en distels waarteen die mens voortdurend moet stry. Derdens sal die moeisame stryd om genoeg kos te produseer, van die wieg tot die graf voortduur. Alles wat die mens doen, sal moeite en inspanning vereis. Hy sal geen resultate behaal sonder moeg word nie.

Is jy moeg gewerk? Dink aan die verwoestende mag van die sonde, maar moenie daarby ophou nie. Dink ook aan die genade wat God beloof het. Die vrou se nageslag (Jesus) het die kop van die slang (die duiwel) vermorsel. Daarom kan ons nou weer werk tot eer van die Here alleen.

Is jy moeg gewerk? Ja, maar nie moedeloos moeg nie!

Sing: Psalm 128:1

Ds. AP (Abraham) Krüger (Welkom)

29 Donderdag

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 4 EN 5 (OAV)
FOKUSGEDEELTE: GENESIS 4:1-15; 5:21-24

Die heerskappy van die dood deurbreek

Die geslagsregister van Genesis 5 bevestig die oordeel van die Here oor die sonde. Hy het gesê: *“Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer”* (vs 3:19b, OAV).

Só het die dood 'n werklikheid geword. Kaïn se jaloesie kry die oorhand en hy slaan sy broer dood. Die stryd tussen lewe en dood het begin. Sonde verwoes die liefde tussen mense en bedreig die kosbare gawe van lewe wat God aan die mens gegee het. Voortaan sal die mens nie net teen die natuur moet stry om te oorlewe nie. Hy moet ook teen homself en sy medemens stry om die lewe te behou.

Dit lyk na 'n verlore stryd. In Genesis 5 hoor ons elke keer: *“... en hy het gesterwe.”* Die dood oorwin telkens, totdat ons van Henog lees: *“En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem”* (5:24 OAV). In Henog is die heerskappy van die dood deurbreek. Die Here gee die vooruitsig van 'n oop graf.

Van Henog af kyk ons oor die eeue na 'n klip wat eenkant toe weggerol is. Die graf is oop en Hy wat daarin was, lewe.

Alles loop nog in hierdie lewe op die dood uit, maar nou is die dood nie die einde van die lewe nie. Die dood is oorwin. Die siklus van lewe en sterwe het 'n siklus van lewe en sterwe én LEWE geword, want Henog is weggeneem en Christus het opgestaan. Deur die geloof in Hom lewe ons nou en vir ewig.

Sing: Psalm 89:17

Ds. AP (Abraham) Krüger (Welkom)

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 13:1-22 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: PSALM 146:3 (OAV)

Amnon: moet op prinse nie vertrou nie ...

Dawid gee aan sy oudste seun 'n mooi en betekenisvolle naam: Amnon. Die naam beteken “getrou”, of “die een wat vertrou kan word”.

Wat sou Dawid gedink het toe hy aan hierdie seun sy naam gegee het? Het hy in hom 'n toekomstige koning gesien? Hy is tog die kroonprins, die een wat Dawid se koningskap sal voortdra, dit as 'n koningshuis vir nog baie geslagte sal vestig. Hoe dit ook al mag wees, Dawid het werklik sy oudste seun vertrou. Wanneer Amnon “siek” van liefde in sy huis lê, en aangehits deur sy neef, Jonadab, 'n plan bedink om by sy suster Tamar uit te kom, vertrou Dawid hom heeltemal. In goedertrou gee hy selfs opdrag aan Tamar om na haar broer se huis te kom om vir hom 'n ete voor te berei. Selfs wanneer Amnon vra dat Tamar vir hom “twee hartvormige broodjies” moet kom bak, vertrou Dawid hom steeds. Hoe naïef kan mens tog nie wees in jou vertrouwe op mense nie!

Ook Tamar vertrou vir Amnon. Sy kom ewe houtgerus en berei die broodjies voor waar hy dit kan sien. Selfs wanneer Amnon almal wegstuur en dan boonop vra dat Tamar hom in sy slaapkamer moet kom bedien, bly sy hom steeds vertrou. Eers wanneer dit heeltemal te laat is, kom sy agter dat Amnon nie vertrou kan word nie.

Wanneer Dawid dit besef, kan selfs hy niks doen nie. Amnon se ontrouheid eggo Dawid se eie ontrou, toe hy een van sy getroue soldate se vrou afgevat en hom – ewe vertrouend – na sy eie dood gestuur het!

Dit baat nie om op 'n mens te vertrou nie. Geen mens – wie hy of sy ook al mag wees – kan jou lewensprobleme oplos of jou drome waar maak nie. Die mens is stoflik – hy sterf en dan is dit klaar met al sy planne. Meer nog: jy kan nie eens jouself vertrou nie, want die mens se hart is bedriegliker as enigiets anders; jy kan dit nie vertrou nie (Jer. 17:9).

Genadiglik hoef ons nie op 'n mens te vertrou nie. Ons kan op God, die Vader van Jesus Christus, vertrou. Jesus sterf wel aan die kruis, maar juis so, in hierdie skynbare “mislukking” – en wie kan tog op 'n mislukking vertrou? – bring Hy redding en verlossing vir sondears. Die dood kon Hom immers nie vashou nie. Triomfantlik staan Hy op – as die Een aan Wie alle mag in die hemel en op aarde gegee is, en wat by ons is tot aan die voleinding van die wêreld.

Deur sy Gees wek Hy nuwe lewe en vreugde vir sterflike mense. Jy kan volkome op Hom vertrou en jou lewe op Hom bou.

Sing: Psalm 146:2

Ds. FJ (Frans) van Dyk (Keetmanshoop/Mariental)

31 *Saterdag*

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 13:5-14:24 (OAV)

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 13:5-18

Die keuse

Abram en Lot is deur die onenigheid tussen hulle veewagters tot 'n keuse gedwing. Lot moet eerste kies. Hy kies oënskynlik 'n paradys (vs 10 OAV), maar dit is 'n paradys sonder God.

Waarom kies hy so verkeerd? Omdat hy verkeerd kyk – daar begin die verkeerde keuse. Lot sien net blinkvet vee en rykdom en genot. Hy vra: Wat hou vir *my* die meeste voordeel in? Daarom sien hy nie die gevare van Sodom nie. Sy blinde oog van eie belang lei hom om die verbondstent by Abram te verlaat en sy tente by Sodom op te slaan. Later het hy selfs binne-in die stad gaan woon.

So gaan dit met sonde. Jy kan nie naby bly sonder om ingetrek te word nie. Eiebelang maak jou oë blind vir die gevare van die sonde.

Abram skuif sy eie belange opsy en kies in afhanklikheid van en vertrou op die Here. Hy hou aan die verbondsbeloftes vas. Hy glo: Selfs al kry ek die swakste deel, die Here is by *my*. Deur 'n vaste vertrou op God se beloftes loop sy keuse nie op 'n doodloopstraat uit nie.

Christus se keuse (Matt. 4:8-10) het skynbaar ook op 'n doodloopstraat uitgeloop. As gevolg van sy keuse sterf Hy aan die kruis. Hy kies egter God se beloftes en ons voordeel. Daarom het Hy opgestaan en is Hy verheerlik.

Daarom kan ons vandag, gelei deur sy Woord en Gees, ook God se beloftes bo die beloftes van die wêreld kies.

Sing: Psalm 73:11, 12

Ds. AP (Braam) Krüger (Welkom)